Rapporteerbaar:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:
Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

**Saak No: 29/2005**

**Saak Aangehoor: 03/03/2008**
**Datum gelewer: 07/03/2008**
**In die saak tussen:**

**SectionI.1Piet Willem Nelson APPELLANT**

en

**SectionI.2**
**SectionI.3Die Staat RESPONDENT**
**SectionI.4**
**SectionI.5**
**SectionI.6Coram: Majiedt R et Olivier R**

## UITSPRAAK APPèL

**Olivier R:**

1. Die appellant is op 31 Mei 2002 in die Streekhof te Vryburg skuldig bevind aan moord (aanklag 1) en aanranding met die opset om ernstig te beseer (aanklag 2) en op hierdie aanklagte gevonnis tot, onderskeidelik, 15 jaar gevangenisstraf en 18 maande gevangenisstraf.

2. Alhoewel die landdrosdistrik van Vryburg sedert 27 Junie 2003 nie meer binne die regsgebied van hierdie Hof val nie, maar binne die regsgebied van die Bophuthatswana Hooggeregshof (Goewermentskennisgewing 937, wat ingevolge die bepalings van Wet 41 van 2001 gepubliseer is in Staatskoerant 25141), is sy kennisgewing van appËl en aansoek om kondonasie afgelewer voor daardie datum. Ek is gevolglik van oordeel dat

die onderhawige verrigtinge vir die doeleindes van artikel 2 (3) van die gemelde Wet ingestel is voor daardie datum en dat hierdie Hof dus wel hierin regsbevoegdheid het soos bedoel in artikel 309 (1) van die Strafproseswet, 51 van 1977.

3. Alhoewel die appellant in sy kennisgewing van appËl ook aangevoer het dat hy nie die oorledene gedood het of die klaer aangerand het nie, blyk dit uit die betoogshoofde wat nou namens die appellant afgelewer is deur sy advokaat dat sy appel slegs gerig is teen die vonnis van 15 jaar gevangenisstraf, en teen die feit dat die Streeklanddros nie gelas het dat die twee vonnis samelopend uitgedien moes word nie.

4. Die kennisgewing van appËl is laat afgelewer en die appellant doen aansoek om kondonasie. Die redes wat vir die versuim aangevoer is, is dat die appellant nie regskennis gehad het nie en dat hy nà vonnisoplegging eers in die Vryburg polisiestasie se selle aangehou is.

5. Die appellant was by sy verhoor regsverteenwoordig. Afgesien hiervan, is sy regte met betrekking tot appËl deur die Streeklanddros aan hom verduidelik, waarna hy te kenne gegee het dat hy dit verstaan. Sy verskoning dat hy nie regskennis gehad het nie, gaan dus nie op nie.

6. Dat die appellant vir 'n tyd by die polisiestasie in Vryburg aangehou is, neem ook nie eintlik die saak verder nie. Hy het in hierdie verband aangevoer dat hy niks kon gedoen het waarvan hy nie kennis gedra het nie. Soos reeds uitgewys, het hy wel geweet wat hom te doen gestaan het. Hy het nooit aangevoer dat dit nie vir hom moontlik was om die nodige stappe te neem nie.

7. Die redes wat die appellant vir sy versuim aangevoer het, is dus onvoldoende. In die lig van wat volg, meen ek egter dat dit dienstig is om die meriete van die appËl teen die vonnisse te oorweeg.

8. Wat die aanklag van moord betref, het die Streeklanddros bevind dat daar

geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat ŉ afwyking regverdig het van die vonnis van 15 jaar gevangenisstraf wat ingevolge die bepalings van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997, voorgeskryf was vir die betrokke misdaad nie. Daar word namens die appellant aangevoer dat die Streeklanddros in hierdie bevinding fouteer het.

9. Die appellant se aanval op die oorledene is voorafgegaan deur ŉ onderonsie tussen die twee van hulle. Inteendeel, die Streeklanddros het bevind dat dit redelik moontlik was dat hulle in hierdie proses nie alleen ŉ woordewisseling gehad het nie, maar selfs handgemeen geraak het deur mekaar aan die klere te gryp.

10. Dit was toe dat die appellant die oorledene die enkele fatale steekwond toegedien het. Toe die oorledene se broer (wat die klaer op aanklag 2 was) tussenbeide gekom het, het die appellant hom ook ŉ steekhou op die rug toegedien.

11. Ek is van oordeel dat die Streeklanddros onvoldoende erkenning verleen het aan die bevinding dat die appellant en die oorledene handgemeen was en dat daar dus wel ŉ mate van provokasie was.

12. Of die onderonsie gegaan het daaroor dat die oorledene per abuis op die appellant se voet getrap het op die dansbaan, is nie duidelik nie. Dit is net deur een staatsgetuie getuig, wie se weergawe van die voorval grootliks verskil het van die weergawes van die ander staatsgetuies. Die feit is egter dat daar wel ŉ uitval was tussen die appellant en die oorledene en dat dit duidelik gelei het tot die fatale steekwond.

13. Dit lyk ook nie of die Streeklanddros werklik in ag geneem het dat die appellant op alle aanduidings redelik sterk onder die invloed van drank was tydens die voorval nie. Inteendeel, dit was ŉ totale dronkspul en die oorledene en die getuies was almal onder die invloed van drank.

14. Die appellant was boonop ŉ eerste oortreder. Ek meen dat die voorgaande tog wesenlike en dwingende omstandighede daargestel het wat ŉ mindere vonnis regverdig het op die aanklag van moord. Die toegewing wat in hierdie verband namens die respondent gemaak is deur mnr Bagananeng, is na my oordeel korrek.

15. By die oorweging van wat ʼn gepaste vonnis op aanklag 1 dan sou gewees het, sal die voorgeskrewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf egter in gedagte gehou word as ʼn maatstaf.

16. Die Streeklandros het ook nie op die oog af enige oorweging verleen daaraan om te gelas dat die twee vonnisse samelopend uitgedien word nie. Die aanvalle op die oorledene en sy broer was wesenlik deel van een voorval en die kumulatiewe effek van die vonnisse behoort na my mening op hierdie wyse getemper te word.

17. In die omstandighede sou ek die volgende bevele hierin maak:

**1. Die laat aflewering van die kennisgewing van appèl word gekondoneer.**

**2. Die appèl teen die vonnis op aanklag 1 slaag en die vonnis word tersyde gestel en vervang met een van 10 jaar gevangenisstraf, welke gevangenisstraf teruggedateer word na 31 Mei 2002.**

**3. Die vonnis op aanklag 2 word bekragtig, maar dit word gelas dat dit samelopend met die vonnis op aanklag 1 uitgedien sal word.**

____________________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam en dit word so gelas:

____________________________

**S A MAJIEDT**

**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Appellant:** | **Adv P J Cloete** |
| **In opdrag van:** | **Regshulpsentrum, KIMBERLEY** |
| | |
| **Nms Respondent:** | **Adv M G W Baganeneng** |
| **In opdrag van:** | **Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY** |